

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 44

31 Oktober 2021

GENADE

Wat my bemagtig

(1)

Dit is net genade alleen! Die gesegde word baie gebruik. Wat beteken genade? Hoe ontvang ons genade? Wat doen genade?

Google vervang die Bybel

Ons lewe in 'n era waar sosiale media in direkte kompetisie met God se Woord staan. Google word meer as die Bybel gelees en mense se menings word as die finale waarheid gesien. Daar is egter net een absolute bron van waarheid – die Bybel.

'n Valse genade word verkondig

Vals, vleiende lering oor genade, met losstaande tekste wat buite konteks gebruik word, moedig mense aan om te lewe soos hulle wil en genade dan soos 'n hoesstropie te gebruik wanneer hulle sleg voel. Dit het nie net reeds baie mense mislei nie, maar hulle ook van die oorwinningslewe beroof wat ware genade hulle bied.

Bybelse genade

Bybelse genade was nog altyd in die kerkgeskiedenis op die voorgrond van herlewings, radikale veranderings, gemeenskapstransformasies en persoonlike groei. Bybelse genade is die essensiële bestanddeel wat volhoubare verandering in Christene se lewe bewerkstellig. Die fondasie van Bybelse genade word gevind deur die dood en opstanding van Jesus Christus. Sonder hierdie genade is daar geen hoop nie, want Jesus het deur Sy dood en opstanding 'n bonatuurlike genade beskikbaar gestel aan elkeen wat Hom aanvaar en hulleself onderdanig stel aan Sy heerskappy. Genade wat onafhanklik van God se versoening en heerskappy funksioneer is nie net onbybels nie, maar misleidend.

Wat Is Genade?

“Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op (training us to renounce ungodliness, ESV) om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe...” – Titus 2:11-13

Genade produseer oorwinning en verandering

Genade “voed ons” of dit “leer ons” volgens die 1933 vertaling. Die ESV sê: “training us to renounce ungodliness.” Om goddeloosheid af te lê (renounce) is anders as om net aanhoudend jammer te sê terwyl daar geen verandering is nie. Genade produseer oorwinning en 'n heilige lewenstyl en nie die teenoorgestelde nie. Genade is die werking van God se vermoë in en deur ons om dit wat menslik onmoontlik is, reg te kry. (vervolg)



Dankie!

Vir die reën wat in die Karoo begin val het!
Vir God se genade in Jesus Christus!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir álmal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir die matrieks wat met eksamens begin het.
- Vir die verkiesing wat voorlê en verdraagsaamheid tussen verskillende partye.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Martin Kleinhans - Vir spoedige en volkome herstel.
- Johan Kotze – vir volkome herstel en genesing.
- Basie Roux – vir volkome genesing.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing.
- Christa de Swart – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Tannie Nellie van Tonder - vir spoedige herstel na oogprosedure.
- Nadeleen DeGuay – het covid en in ICU. Vir volkome genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.

Gedagte vir die week:

God gee soveel omdat Hy in Christus afbuk tot in ons stof en ons daaruit ophig tot tussen die sterre van Sy genade.

John RW Stott

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor.
N.G.Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org